

## 12. Juda in ballingskap

### Esegiël 1 - 13 en Daniël 1 - 6

#### God hou sy volk in stand

Selfs in die ballingskap gee God profete aan sy volk om hulle te bemoedig. Hy wys daardeur dat Hy almagtig is. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die gelowige moet in moeilike omstandighede op die Here vertrou.
- God bevestig sy beloftes dat daar vir sy volk uitkoms sal wees.
- God berei die wêreld voor vir die koms van die Messias.

#### Die Jode in Babel

Aan die tien stamme van Israel is nie 'n belofte gegee dat hulle na hul land sal kan terugkeer nie. Die inwoners van Juda het egter die versekering dat hulle wel sal terugkeer, want dit word telkens deur die profete aan hulle verkondig. Net 'n klein gedeelte van Juda sal na Kanaän terugkeer, aangesien die meeste van hulle dit geniet om in Babel te woon.

Nebukadnesar laat die Jode toe om in Babel vry handel te dryf en tussen hul eie mense te woon. Hulle kan huise bou en tuine plant. Jeremia raai hulle aan om dit te doen, want hulle hoop om gou na Jerusalem terug te keer is tevergeefs. Vermoedelik gaan die meeste Jode voort om handel te dryf soos in hul vaderland, en gesien die waarskuwings van die profete, soms op 'n oneerlike manier. Die vroom Jode in Babel verlang egter terug na Jerusalem en sien uit na die dag wanneer hulle daarheen kan teruggaan.

Baie van die Jode versprei in Klein-Asië en bring só die ware godsdiens aan die heidene. Die prediking maak dit vir die ballinge moontlik om in hulle geloof te volhard. Aangesien hulle nie in die tempel kan aanbid en offer nie, leef hulle hul geloof uit deur strenge wetsonderhouding. Die sabbat en besnydenis word streng onderhou, asook die rituele reinheidswette. Dit help die Jode om hul identiteit as volk teenoor die heidense afgodediens te bewaar. Esegiël en Daniël tree as profete op tydens die ballingskap.

Toe Jesus se apostels later die wêreld vol reis om die evangelie te verkondig, is die godsdien van die Jode nie meer onbekend nie en kan die heidene maklik by die kerk aansluit. So gebruik die Here die ballingskap om die volke voor te berei vir die koms van die Messias.

## **Die profeet Esegïël**

Esegïël is saam met koning Jojagin en 'n aantal vooraanstaande Jode na Babel geneem, ongeveer elf jaar voordat die stad en die tempel verwoes en die hele volk weggevoer is. Deur middel van 'n visioen roep God hom daar as profeet. In dié tyd regeer Sedekia nog in Jerusalem en baie van die ballinge glo nog steeds dat Jerusalem nooit tot 'n val sal kom nie. Hierdie siening word streng deur Esegïël teengesproke, want in 'n gesig sien hy hoe die heerlijkheid van God die tempel verlaat, na die Olyfberg gaan en terugkeer na die hemel.

Nadat Jerusalem ingeneem en die hele volk na Babel weggevoer is, troos Esegïël die volk met beloftes van herstel. Hy sê die Here sal sy stad en tempel laat herbou. Hy beskryf wonderlike gesigte van 'n nuwe tempel. Hierdie tempel sal nooit op die aarde gebou word nie, maar is 'n beeld van die toekomstige gemeente van God.<sup>72</sup> Hy profeteer teen die vyande en kondig die oordeel van God oor die heidene aan.

## **Daniël en sy vriende in die paleis van Nebukadnesar**

Reeds met die eerste wegvoering in die derde jaar van Jojakim, is Daniël en sy vriende Hananja, Misael en Asarja weggevoer na Babel. Koning Nebukadnesar kies Daniël en sy drie vriende uit om hom in sy paleis te bedien. Hulle word in die boeke en die taal van die Chaldeërs onderrig. Nebukadnesar wil van Daniël en sy vriende egte Chaldeërs maak, sodat hulle hul vaderland en godsdien sal vergeet. Daarom kry hulle ander name, wat afkomstig is van die gode van Babel. Daniël word Beltsasar genoem en sy drie vriende Sadrag, Mesag en Abednego. Hulle moet selfs van die koning se kos en drank eet en drink. Volgens die Joodse wet is hierdie kos

---

72 2 Kor. 6: 16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

en drank onrein.<sup>73</sup> Daarom weier Daniël en sy vriende om van die kos te eet en versoek om slegs groente te eet en water te drink. In die heidense land wil hulle nog die goddelike wet onderhou en daaraan getrou bly.

Die owerste wat oor hulle aangestel is, is bang dat hulle swakker as die ander seuns sal lyk, maar Daniël stel voor dat hy dit tien dae lank op die proef stel. Die Here seën hulle só, dat hulle na tien dae baie beter lyk as die ander jongelinge en gevolglik hulle Joodse gewoontes mag behou. Die Here gee aan hulle wysheid en aan Daniël die besondere gawe om drome uit te lê. Hulle ontvang hoë eer en aansien aan die hof van Nebudknesar. Daniël en sy vriende bly daar in die vreemde land trou aan die Here.

## **Nebukadnesar se droom van die beeld**

In die tweede jaar van Nebukadnesar se regering voorspel God reeds die ondergang van Babel deur middel van 'n vreemde droom van Nebukadnesar. Die droom ontstel hom, maar hy vergeet wat hy gedroom het. Hy laat al sy wyse manne en waarsêers roep en beveel hulle om die droom te vertel en dit uit te lê, anders sal hy hulle almal laat doodmaak. Hulle kan dit nie doen nie, en die koning beveel die owerste van sy lyfwag om hulle om die lewe te bring. Daniël en sy vriende hoor eers van die bevel van die koning toe hulle gesoek word om ook gedood te word. Daniël vra die koning uitstel en hy en sy drie vriende bid tot die Here. Daardie nag maak die Here die droom en sy uitleg aan Daniël bekend.

Daniël gaan na die koning en maak duidelik dat die eer vir alles wat hy aan die koning sal vertel, aan die Here toekom. Daniël vertel dat die koning in sy droom 'n beeld gesien het met 'n kop van goud, die arms en bors van silwer, die lyf van koper, die bene van yster en die voete wat bestaan uit 'n mengsel van klei en yster. Skielik kom sonder toedoen van mensehande 'n klip aangerol en vermorsel die beeld sodat die wind die stofdeeltjies wegwaai. Daarna word die klip só groot dat dit die hele aarde vul.

Nebukadnesar is verstom en gretig om die verklaring te hoor. Daniël sê dat die beeld verskillende koninkryke voorstel wat ná mekaar sal kom. Die goue kop is die ryk van Nebukadnesar; na hom sal die Persiese ryk kom; dan volg

---

73 Deut. 14: 7 en 8      Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat die gesplitste kloue het: die kameel en die haas en die das, want hulle herkou maar het geen gesplitste kloue nie - onrein is hulle vir julle; ook die vark, want hy het gesplitste kloue, maar is geen herkouer nie - onrein is hy vir julle. Van hulle vleis mag julle nie eet en hulle aas mag julle nie aanraak nie.

die Griekse ryk van Alexander die Grote. Dan sal die ysterryk van Rome kom, maar dit sal verswak sodat daar 'n tydperk van yster en klei deurmekaar sal volg. Uiteindelik sal al die ryke vernietig word deur die ryk van die Messias.

Die droom voorspel die val van Babel. Nebukadnesar is verslae en so beïndruk dat hy die eer aan die God van Daniël gee. Hy gee aan Daniël 'n hoë posisie en op versoek van Daniël kry sy vriende ook hoë posisies.

### **Daniël se drie vriende in die vuuroond**

Nebukadnesar vergeet gou van die eer wat hy aan God gegee het en laat bou vir hom 'n groot goue beeld in die dal Dura. Daarna beveel hy al sy onderdane om na die inwyding van die beeld te kom. Sodra 'n groot orkes begin speel, moet almal voor die beeld neerval en dit aanbid. As iemand nie neerval nie, sal hy in 'n brandende vuuroond gegooi word. Toe die orkes begin speel, bly Sadrag, Mesag en Abednego, Daniël se drie vriende, staan. Die wet van die Here beveel duidelik dat jy nie voor ander gode of beelde mag neerbuig nie.<sup>74</sup>

Daniël bly waarskynlik tuis, anders sou hy seker ook geweier het om voor die beeld te kniel. Nebukadnesar laat die drie mans roep en waarsku dat hulle in 'n vuuroond gegooi sal word indien hulle die opdrag weer verontagsaam. Hy gee hulle nog 'n kans om die beeld te aanbid. Moedig en kalm deel Sadrag, Mesag en Abednego die koning mee dat hulle nooit voor die beeld sal kniel nie.

Hulle aanbid die Here en Hy is magtig om hulle selfs uit die vuuroond te red. Ook al sou Hy hulle nie red nie, sal hulle nogtans nie voor die koning se beeld buig nie. Nebukadnesar word baie kwaad oor die teëpraterij en beveel dat die oond sewe maal warmer gemaak moet word. Weer kondig die musiekinstrumente die oomblik aan, maar Sadrag, Mesag en Abednego kniel nie. Die drie manne word vasgebind en binne-in die oond gegooi. Die oond is so warm dat die soldate wat hulle in die vuur gooi, doodbrand.

Maar die Here beskerm sy knegte en stuur sy engel om hulle te bewaar. Nebukadnesar kyk verskrik in die vuur! Die drie manne loop lewend in die oond rond. Saam met hulle sien hy 'n vierde persoon in die vuur wat soos 'n

---

74 Deut. 30: 17 en 18 Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie.

hemelwese lyk. Hy roep die drie mans en hulle kom uit sonder dat die vuur eers 'n enkele haar op hul koppe geskroei het.

Hierdie gebeure maak 'n geweldige indruk op die koning. Hy prys God en gee opdrag dat niemand oneerbiedig oor Hom mag praat nie, want daar is geen ander god wat so kan verlos nie. Ná hierdie gebeure gaan dit baie voorspoedig met Sadrag, Mesag en Abednego.

### **Vernedering van Nebukadnesar**

Nebukadnesar bou vir hom 'n groot ryk en in sy hoofstad, Babel, verrys pragtige geboue en tempels. Dit maak hom trots en hoogmoedig. Die Here waarsku hom weer deur 'n vreemde droom. In die middel van die aarde staan 'n groot boom met takke wat tot aan die hemel reik. Die blare is groen en die vrugte groot en gesond. Die voëls maak nes in sy takke en die diere soek skuiling in sy skaduwee. 'n Heilige kom uit die hemel en gee opdrag dat die boom afgekap moet word, waarna yster- en koperbande om die penwortel vasgemaak word. Dan sal hy deur die dou natgemaak word en gras eet soos 'n dier, sy hart sal soos dié van 'n dier word en sewe tydperke sal oor hom heengaan.

Die koning se waarsêers is uit die veld geslaan, want die droom is vir hulle onverklaarbaar. Daniël se hulp word weer ingeroep en hy is hewig ontsteld toe die koning die droom aan hom vertel. Hy is eers huiwerig om die droom te verklaar, maar Nebukadnesar stel hom gerus. Dan gee Daniël die uitleg van die droom: Die boom is 'n beeld van die magtige koning, Nebukadnesar, met invloed oor die hele aarde en baie onderdane wat in sy vooruitstrewende ryk woon. Omdat hy hoogmoedig geword het, sal hy sewe jaar lank soos 'n dier in die veld leef en gras eet, totdat hy erken dat die Allerhoogste almagtig is en die koningskap gee aan wie Hy wil. Daarna sal hy weer regeer, want die penwortel het in die grond gebly.

Daniël waarsku Nebukadnesar ernstig om hom voor God te verneder, maar hy steur hom nie daaraan nie en ná twaalf maande gaan die droom in vervulling. Terwyl hy op die dak van die paleis rondloop en sy bouwerke bewonder, kom daar 'n stem uit die hemel wat sê dat alles waarop hy so trots is, van hom weggeneem sal word. Op dieselfde oomblik word die koning kranksinnig, sy naels en hare word lank en hy leef soos 'n dier. Nadat die sewe jaar verby is, word hy weer as koning aangestel. Dan loof hy God en bely dat Hy almagtig is.

## **Belsasar se fees**

Die ondergang van die ryk van Babel vind nie in Nebukadneser se tyd plaas nie. Dit gebeur eers in die tyd van sy kleinseun en opvolger Belsasar. Die Mede en die Perse word 'n groter bedreiging, soos Daniël geprofeteer het. Terwyl hulle al besig is om die stad aan te val, hou Belsasar 'n groot fees. Toe hulle dronk is, laat haal hy die silwer en goue bekere wat uit die tempel in Jerusalem geroof is, om daaruit te drink.

Meteens verskyn daar 'n hand teen die muur van die paleis wat 'n paar onbekende woorde op die muur skryf. Die koning en sy gaste skrik groot. Sy waarsêers kan die skrif nie lees of verstaan nie, en op aandrang van die koningin word die hulp van Daniël ingeroep.

Die woorde is: "Mené, mené, tekél, ufarsín". Daniël sê aan die koning dat hy nie aan die Here die eer gegee het nie, maar sy heilige voorwerpe ontheilig het, daarom weeg die Here hom en vind hom te lig. Sy ryk sal verbreek word en aan die Mede en Perse gegee word. In dieselfde nag word Babel deur die Perse ingeneem en Belsasar doodgemaak. So val Babel se wêreldmag na 'n kortstondige glans.

## **Daniël in die leeu kuil**

Onder die nuwe regering van Darius bly Daniël 'n geëerde man. Hy is die eerste minister, wat die ryk se belastings moet hanteer. Hy is reeds baie oud, maar doen sy werk so goed dat die koning hom oor sy hele koninkryk wil aanstel. Darius se ander raadgevers is jaloers op Daniël en beraam 'n plan om van hom ontslae te raak. Hulle sien dat hy drie keer elke dag met sy gesig in die rigting van Jerusalem, tot die Here bid. Hulle vra die koning om 'n wet van Mede en Perse uit te vaardig dat almal dertig dae lank slegs tot die koning mag bid. Wie hierdie wet oortree, moet in die leeu kuil gegooi word. Die koning doen dit, maar Daniël hou aan om drie keer per dag tot die Here te bid.

Sy vyande vertel dit aan die koning. Die koning voel baie sleg en probeer om Daniël te red, maar hy kan nie 'n wet van die Mede en Perse herroep nie. Hy kan nie anders as om te beveel dat Daniël in die leeu kuil gegooi moet word nie. Hy sê aan Daniël dat hy hoop dat sy God hom sal bewaar. Die koning kan die nag nie slaap nie en is vroeg die volgende môre by die leeu kuil. Toe hy na Daniël roep, hoor hy tot sy vreugde dat Daniël nog leef. Die leeu het niks aan hom gedoen nie.

Daarna gee Darius bevel om Daniël uit die kuil op te trek en die aanklaers met hulle kinders en vroue in die leeukuil te gooi. Dadelik verskeur die leeus hulle. Net soos Nebukadnesar erken Darius daarna die mag van die God van Daniël. Daniël is verder voorspoedig onder die regering van Darius en daarna onder die regering van Kores, die Pers. Tot in die derde jaar van Kores is Daniël profeties werksaam. Wat verder met Daniël gebeur het, weet ons nie. Die res van sy boek bestaan uit profesieë en beskrywings van gesigte wat hy sien. Die Here wys vir hom die geskiedenis van sy ryk, asook die opkoms en val van verskillende groot wêreldryke en hoe alles uitloop op die koms van die belofde Messias.

### **Aanbevole leesstukke**

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 102 - 105 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeskiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 605 - 624 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 405 - 432 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 497 - 512 p.